

Judas beledig die Meester, die drie fariseërs

110 Ons gaan aansit, en begin heel wellewend en opgewek te eet toe Judas by die deur inkom, en ons ordentlik begin verwyf omdat ons nie `n bode gestuur het om hom te laat haal nie. Want, sê hy, ons kon tog geweet het dat hy druk besig is en nie die tyd het om te kom navraag doen wanneer ons gaan eet nie - hy veronderstel dat hy tog ook tot ons geselskap behoort! **Thomas** vererg hom bloedig oor hierdie aanmerking, en sê: "Meester, daar het nou `n einde aan my selfbeheersing gekom! Hy gaan nou weer my vuiste proe!"

[2] **Ek** sê: "Hou op daarmee! Het jy dan nog nooit gehoor nie dat waar twaalf engele onder een dak woon, die twaalfde een `n vermomde duiwel is? Gun hom sy plesier, want hom verander jy nooit!" Thomas gaan sit en Judas gaan sonder om te eet weer weg.

[3] Terwyl ons daarna nog aan die ete smul, kom Judas terug, praat vriendelik met ons en vra of hy mag saameet, aangesien hy in die stad nêrens iets kon kry nie, want as gevolg van die groot aantal besoekers is al die voorbereide etes reeds opgeëet.

[4] **Ek** sê: "Gee hom iets te etel!" Broer Jakob gee vir hom brood, sout en `n heerlike, baie groot vis. En Judas - hy eet die hele, byna sewe pond sware vis op, en drink daarby nog baie water, sodat hy daarna nie te goed voel nie! Nou bekla hy sy lot en meen dat die vis al oud moes gewees het, want dan gee dit hom altyd maagpyn.

[5] **Thomas** word nou weer kwaad, en sê vir Judas Iskariot: "Jy bly nog steeds dieselfde lompe en ongemanierde mens wat jy nog altyd was; gaan spens toe en kyk of ons visse oud is! As jy soos `n uitgehongerde wolf op één slag `n sewe pond swaar vis verslind, daarby `n kruik water leegdrink met genoeg in vir twintig mense, en tewens nog `n brood opeet wat bepaald nie klein was nie, dan behoort jy mos druk op jou maag te voel! As dit jou dan nou soveel pyn besorg, dan het ons tog die beste dokter in ons midde; vra Hom, Hy sal jou wel help."

[6] **Judas Iskariot** sê: "Julle is almal lelik met my as julle sê dat ek `n duiwel is; hoe sal julle my, as duiwel, glo dat ek ly en hoe sal julle my help?"

[7] **Thomas** sê: "Jy was tog saam met ons by die Gadareners en het jy nie gesien nie dat die Meester die duiwels op hulle vraag tegemoet gekom, en hulle dit wat hulle gevra het, toegestaan het? As jy nou regtig van mening is dat jy `n duiwel is, vra dan soos een van daardie duiwels en daar sal wel êrens `n trop varke wees waarin jy kan vaar, as die Meester dit goedvind!"

[8] **Judas Iskariot** sê: "Ag, jy bedoel dit tog so goed met my! Ek sou nooit geglo het dat ek so `n goeie vriend in jou het nie! Goed, ek gaan nou vir JaHshua, die Seun van hierdie huis, om werklike hulp vra en dan sal ons sien of Hy my, soos wat jy glo, sal verplig om in `n trop varke in te vaar!" Judas wend hom nou tot My en bekla sy lot, maar **Ek** sê: "**Gaan na jou potte toe**, daar sal dit wel met jou maag beter gaan!"

[9] **Judas** loop, en sê in die verbygaan aan Thomas: "Dareem nie in `n trop varke in nie!" **Thomas** sê: "Maar ook nie veel beter nie! Want die potte is vir jou net sulke woekerware as wat die varke vir die Gadareners is!" Daarop antwoord Judas nie en hy verdwyn vinnig.

[10] Kort daarna kom drie fariseërs uit Kapernaum die huis binne en vra of Ek tuis is. Toe die mense vir hulle sê dat Ek tuis is, stap hulle direk die eetkamer in en vra daar weer na My, want hulle ken My nie persoonlik nie.

[11] **Ek** sê met volle krag: "**Ek IS HY**. Wat wil u hê dat Ek vir u moet doen?"

[12] Hulle skrik egter so erg vir die manier waarop Ek hulle aanspreek dat hulle verder niks durf vra nie. My luide woorde **het die effek in hulle harte asof dit bliksems is wat hulle tref!** Ek vra hulle nogmaals wat hulle wil hê.

[13] Dan tree **een** na vore, en sê heel beskroomd: "Goeie Meester!"

[14] Maar **Ek** sê: "Waarom noem u My goed? Weet u dan nie dat buiten Elohim niemand goed is nie?" **Die fariseër** sê: "Ek smee U, moenie so streng met my wees nie, want ek het U beproefde hulp nodig!" **Ek** sê: "Gaan weg en moenie My ophou nie, want Ek wil vanmiddag na die meer gaan om vis te vang; Daar kan u my kry."

[15] Met hierdie advies gaan die drie weg. Die een wat met my gepraat het, was een van die hoofde van die skool en die sinagoge te Kapernaum, en heet Jaïrus.

Die genesing van die Griekse vrou

111 Toe Petrus hoor dat Ek op die meer wil gaan, vra hy my of hy vinnig vooruit moes gaan om die groot skuit gereed te kry. Maar **Ek** sê aan hom: "Moet jou nie daarvoor bekommer nie. Wanneer ons daar kom, sal alles vir ons gereed staan!"

[2] Mirjam vra ook of sy vir die middag of vir die aand iets moes klaarmaak. **Ek** sê vir haar: "Nie vir vanmiddag nie en ook nie vir vanaand nie, want ons gaan vannag laat eers terugkom."

[3] Daarna sê Ek aan die leerlinge dat as hulle lus voel om saam te gaan, hulle nou moet vertrek. Almal staan vinnig op, en gaan saam met My na die meer wat, soos bekend, nie ver van Násaret af begin nie.

[4] Met ons aankoms by die meer was daar reeds `n menigte van die volk versamel. Ook lê daar verskeie skepe, en Petrus s'n ontbreek nie. Ons gaan dadelik aan boord van Petrus se skip en stoot dit van die wal af die see in.

[5] Omdat die volk gesien het dat Ek met die meer opvaar, klim mense in `n aantal skuite in en roei agter My aan.

[6] Op so `n boot bevind ook een van die fariseërs (**Jairus**) hom wat vroeër die dag saam met twee ander by My aan huis was. Hy is die hoof van `n skool, en woon in die omgewing van Kapernaum in `n pragtige huis op sy landgoed. Toe hy My skip bereik, val hy dadelik op sy knieë in sy boot en smee My: **“Meester, my dogter lê op sterwe! Kom tog asseblief en lê U hande op haar sodat sy gesond kan word!”** Ons was nog nie ver van die oewer af nie en Ek beduie vir Petrus om om te draai.

[7] Met ons terugkoms aan wal, was daar so `n menigte mense dat ons kwalik verder kon kom. Dit neem ons byna drie uur om Jairus se huis te bereik, terwyl die deursneë stapper andersins die tog sonder moeite in een uur sou aflê.

[8] Terwyl Jairus ons lei en ons in die gedrang eintlik meer vorentoe gestoot word as loop, skuif daar `n vrou haarself in die drukte nader aan My en raak van agter aan My kleed in die geloof dat sy daardeur gesond sou word, want sy het baie van My gehoor. Sy het toe reeds vir twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely en so te sê al haar geld aan dokters bestee om tog gesond te word.

[9] Omdat sy Grieks was, en nie `n Judeër nie, durf sy nie openlik na My toe kom nie. Op daardie stadium was die verhouding tussen Judeërs en die Grieke baie gespanne oor die handel, en dan was daar ook in Rome `n stryd oor die voorkeur waarmee beide volke behandel wou word.

[10] Die Grieke geniet, as gekultiveerde heldevolk, baie hoër aansien by Rome en geniet dan ook baie groter voordele vanuit Rome as die Judeërs, wat in Rome maar laag aangeskrewe staan. In `n sekere sin tree die Grieke as geheime polisie onder die Judeërs op, en daarom het die Judeërs `n nóg groter hekel aan hulle.

[11] Dis dan ook waar die vrees wat veral die Griekse vrouens vir die Judeërs het, vandaan kom. Die geslepe Judeërs het oral onder die Grieke laat rondvertel dat hulle, omdat hulle in die toorkunste ingewy is, die Griekse vroue onvrugbaar kan maak

enkel deur hulle stip in die oë te kyk. Dit was dan ook hier die rede dat hierdie vrou haar van agter na My toe aangedring het.

[12] Maar nadat sy My aangeraak het, ervaar sy dat sy heeltemal genees is. Die fontein van haar bloedvloeiing is onmiddellik gestop, en ten opsigte van haar siekte kom daar `n groot rus oor haar en sy voel in haar hele wese dat sy volkome gesond is.

[13] Maar **Ek** kyk dadelik om en vra aan die leerlinge wat die naaste aan my staan: “Wie het aan My geraak?” 67

[14] **Die leerlinge** vererg hulle amper vir hierdie vraag en sê: “U sien tog hoe die mense aan ons stamp, en dan vra U nog wie aan U geraak het?”

[15] **Ek** sê aan die leerlinge: “Dis nie waaroor dit gaan nie! Wie ookal aan My geraak het, het geglo, en met doelbewuste oortuiging aan My geraak, want Ek het duidelik bemerk dat daar Krag van My af uitgegaan het!”

[16] Toe skrik die vrou, wat Ek tydens die stel van die vraag deurdringend aankyk, omdat Ek wel deeglik geweet het dat dit juis sy is wat My kleed aangeraak het, asook hoekom sy dit gedoen het. Sy val voor My neer, erken openhartig alles, en smee My om vergifnis, want haar vrees was so groot dat sy oor haar hele lyf sidder en bewe, wat maklik te verstane is as mens die voormelde redes in oorweging neem.

[17] **Ek** kyk haar teer aan en sê aan haar: “Staan op, my dogter, jou geloof het jou gehelp! Gaan nou in vrede na jou vaderland toe, wees gesond en verlos van jou swaarkry!”

[18] Die vrou staan vrolik en bly op en gaan na haar huis toe, wat nog `n halwe dagreis verderaan lê. Sy was die dogter van `n pagter aan die anderkant van Sebulon, en was nog ongetroud. Toe sy dertien jaar oud was, begaan sy `n misstap met `n sinlike man, wat haar daarvoor twee pond goud gegee het. Daarvoor moes sy uiteindelik twaalf jaar lank ly, en het weer die volle twee pond goud nodig gehad, wat in daardie tyd meer werd was as wat 30,000 gulden nou is. Deur die geskenk het sy dus baie ryk geword, maar moes eers weer al haar rykdom uitgee voordat sy gesond kon word